# Nuuskrummels

## Geseënde KERSFEES

Gelowegis. Inc. Lourensriver-Strand 12 Desember '25



# Kerssangdiens '25








# Die GROOT beplanning

Ek deel my gedagtes in die vorm van 'n storie, 'n storie wat dalk nie alles feitelik korrek is nie, maar 'n storie wat werk vir my prentjie brein. Hierdie storie laat my heerlik kou en herkou aan die grootste gebeurtenis ooit, baie lank gelede.

Ek kom uit 'n projekbestuur en meganiese ingenieurs agtergrond, en hou daarvan om dinge prakties te bedink.

"In die begin van alle tyd het God die hemel en die aarde gemaak." (Gen. 1:1 DB)

In die begin het God alles geskep. In my werkslewe in die genoemde omgewing was daar bepaalde riglyne wat gevolg is om sukses van 'n projek te verseker. Die spreekwoord "begin with the end in mind" spreek boekdele. Jy bou mos nou nie 'n roomys fabriek en hoop om die Gautrein daaruit te bedryf nie, jy werk met 'n bepaalde doel om 'n bepaalde uitkoms te bereik.

In die begin... Wat was God se einddoel met Projek Skepping? Hoekom het Hy dit gedoen? Hy moes tog iéts spesiaal in gedagte gehad het toe Hy alles haarfyn beplan het. Hier kom my gedagtewêreld in en ek sien die gebeure afspeel soos in 'n film.

Ek sien in my geestesoog hoe Hy gebukkend by 'n tafel sit, met 'n klomp toerusting om tekeninge te maak, en dalk 'n rekenaar om inligting vas te vang. Dalk het Hy gedink: Ek het 'n behoefte om iemand te skep na my beeld, wat 'n bepaalde funksie kan verrig. Dalk het Hy gedink Hy kon doen met geselskap. Dan begin Hy op sy tekenbord werk en begin met die einde in gedagte. Dalk het Hy gedink dat Hy eers 'n klomp goed moet skep sodat hierdie menslike wese 'n goeie lewe kan lei. Hy het gedink lig sal goed wees want die mens gaan kan sien. Hy het ook gedink dat Hy voedsel vir hierdie mens moet kan verskaf, en bome en diere gemaak wat nodig is vir die voortbestaan van die mens.

Hy het ook gedink dat daar daglig moet wees vir die mens om te kan werk, en nag om te kan rus. Presies lank genoeg vir elke situasie soos nodig. Toe het Hy 'n magdom natuurwette geskep wat lewe moontlik maak, soos byvoorbeeld gravitasie en wrywing wat broodnodig is vir ons. Hy het die son haarfyn beplan, sodat dié vir miljoene jare kan brand, en Hy het hoofsaaklik waterstof en helium ingespan vir die taak, en in sy ontwerp presies geweet hoe ver Hy die son en die aarde uitmekaar moet plaas. Daar is nie veel van 'n toleransie nie, net so 10% speling anders kan die mens nie bestaan nie. Hy het die maan gemaak vir 'n bepaalde doel, en hom ook presies op die regte afstand geplaas. Daar is net ongeveer 10% speling. Die maan moes getye veroorsaak wat die see konstant skoon was, sodat die mens se grootste bron van voedsel, naamlik vis, geredelik beskikbaar kan wees. Wetenskaplikes beweer dat die hele heelal in perfekte harmonie moet opereer, anders kan die mens nie oorleef nie.

So het Hy gesit en alles ontwerp, in haarfyn detail, en volgens my, alles sodat die mens kan leef. Die ontwerp van die menslike liggaam is uiters belangrik, want dáár is nou vir jou 'n komplekse skepsel. Die mens, die enigste lewende wese wat God kan prys, die enigste wese wat met Hom kan kommunikeer, die enigste wese wat oor 'n warboel emosies beskik en daaraan uiting kan gee.

En so glo ek, was die mens die rede vir hierdie onbeskryflike groot projek. Alles, maar alles, soos in Genesis 1 en 2 beskryf, sodat God iemand kan hê wat nuttig is vir Hom. En toe besluit Hy hoe lank die mense leef. Nie te lank en nie die kort nie. Om en by 80 jaar is genoeg, en daar is bewys dat dit 'n goeie klompie jare is, want jy kan net soveel inligting in jou kop bewaar en net soveel dinge onthou, en net soveel waarde toevoeg. En voorts moet stof tot stof sy gang gaan, want die atome in jou liggaam sal op die einde gebruik word in bykans elke mens wat na jou gaan leef, en ja, die materie in jou liggaam kom van lank gelede af.


Laat dit jou nie spesiaal voel nie? Besef jy dat jy perfek in hierdie beplanning in verweef is en 'n baie besondere doel het? Die hele heelal, is geskep met "you in mind". Jy, ja jy.

So het Hy toe ook sy eie woning beskikbaar gestel waar jy vir ewig en ewig by Hom kan bly ná hierdie lewe.

Jy is eenvoudig "amazing"! ~

Willem Botha, Heuning.co.za

# *Kantoor-ure tydens Desember en Januarie*



11 Des - Gesluit

12 Des - 08:00 - 12:00

15 Des - 08:00 - 12:00

16 Des - Gesluit

17 Des - 08:00 - 12:00

18 Des - Gesluit

19 Des - 08:00 - 12:00 - Kantoor sluit 12:00

5 Jan - 08:00 - 12:00 - Kantoor maak oop

6 Jan - Gesluit

7 Jan - 08:00 - 12:00

8 Jan - Gesluit

9 Jan - 08:00 - 12:00

12 Jan - 08:00 - 12:00

13 Jan - Gesluit

14 Jan - ***Terug na normale ure***






EVANGELISASIE

Lourensrivier-Strand



# Van ons Gemeentelede was baie bedrywig in ons gemeenskap en reg oor die werêld

2025

# Alie en Anne-Marie Brand



Alie gee onderwys by Kigali in Rwanda waar hulle in elke vak die Bybel integreer en op so manier die Goeie Nuus uitdra. Die skool se missie is om Christen gesentreerde onderrig aan die leerders te bied met Bybelse perspektief.

Anne-Marie hanteer steeds, vanuit Rwanda hulle **SCAS** programme wat in Stellenbosch aangebied word. Dit is organisasie wat vanaf 1985 bestaan en hulle visie is om God te dien en eer deur middel van sport.

---

# Stefan Dippenaar



Hulle druk en verskeep **Bybels** in 28 lande.

Bybels word gedruk in die lande waar dit gelewer word, alles vir Afrika word in China, Japan en Indie gedruk want Afrika het nie Bybeldrukkerye nie, alhoewel die nood groot is.

Hulle druk en versprei ook Bybels in Rusland, die Ooste, Suid Amerika.

# Andre en Anne-Marie Thiart



Andre en Anne-Marie bemagtig die gemeenskap deur Christelike waardes op verskeie gebiede aan hulle te bring.

Hulpmiddels word vir die skool gemaak om hulle geleerdheid te gee asook Bybelstorie boekies maak. Hulle help die gemeenskap met die verbou van groente en het ook ‘n kerk met donasies wat ontvang is gebou.

---

# Laetitia Bull



**Petra Instituut** se missie is om florerende gesinne en gemeenskappe te skep wat in geloof gegrond is. Koestering van geestelike groei binne gesinne en wat in die gemeente toegepas word.

Hulle werk regoor in Suid Afrika en regoor die wêreld, Afrika, Eilande Oos van Afrika, Midde Ooste, Engeland en Europa, Verre Ooste, Suid Amerika.

# Lizel Huisman



Die organisasie is betrokke by skole sedert 2009.

Hulle missie is om hoop te bring vir die jonger generasie deur die goeie nuus van Jesus met hulle te deel en hulle toe te rus om die goeie nuus met ander te deel.

Hulle kernvers is Matt 5:16 "Laat jou lig skyn in hierdie donker wêreld vir Jesus."

---

# Rapha Vroue




**Rapha** se Bybels betekenis is – die Here wat jou gesond maak.

Hulle is groep vroue wat by mekaar kom om meer oor God en Sy Woord te wil leer. Hulle is vroue met omgee harte wat verskil wil maak en mense se swaarkry ligter wil maak.
Hulle leef ons gemeente se leuse uit;
Oorgee, Omgee en Aangee.

# EVANGELISASIE

Lourensrivier-Strand



twintig

26?

**Hoe kan jy hulle help?**

- Bid vir hulle
- Ondersteun - hulpbronne/finansieël
- Self betrokke raak

**Vir meer inligting, skakel gerus vir Retha le Roux: 072 510 8808**



Toe Jesus gebore is, het die sterrekykers geskenke van goud, wierook en mirre gebring, die skaapwagters het geen moeite ontsien nie en dadelik gegaan om voor die Koning te buig en God te loof en prys, Maria het haarself gegee en gesê: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." (Luk. 1:38)


Die Little Drummer Boy, van die liedjie, wou ook vir die Koning wat gebore is geskenke bring, maar hy was maar net 'n arm seuntjie ... "I have no gift to bring ... that's fit to give our King." Dan speel hy maar net op sy drom vir die Koning ... "I played my drum for Him ... I played my best for Him." Dít wat hy kan doen, sy talent wat hy het bied hy aan vir Jesus en hy doen dit so goed as wat hy kan. Hoe mooi eindig die liedjie nie as hy sê: "Then He smiled at me ..." Dis wat Jesus doen wanneer ons wie ons is en watter gawes ons het gebruik om Hom te eer en ons naaste te dien – Hy glimlag.

Mag Jesus ook glimlag wanneer jy hierdie Kersfees jou beste vir Hom en dié rondom jou gee!

Wilna Botha, www.heuning.co.za

# Broodsakkieknippies en bottelproppies vir Rolstoele

Die is 'n deurlopende projek



**Wil jy ook help om 'n verskil te maak?**
**Begin vandag deur jou broodsakkieknippies bymekaar te maak en dit by die Kerkkantoor af te gee. Met hierdie eenvoudige bydrae help jy om Hoop en Waardigheid te bring aan iemand wat dit baie nodig het.**

# Voorbidding

**Voorbidding**

- Ds. Derick, vir vandag se boodskap

**Voorbidding:**

- Doempie Steyn
- Johanna van Greunen
- Suzette Reed
- Alton Dalton
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Nico Basson
- Louw Geldenhuys
- Yvonne Marx
- Reuben Alberts

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Bid asseblief vir die haweloses.



**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.**
**Elke Sondag 08:30 - 08:55**

Graag wil ons ons diepste waardering uitspreek teenoor Louis Koekemoer en Louis Steyn vir hulle onbaatsugtige en betroubare ondersteuning. Week na week staan hulle met oop harte gereed om Charlene te help met die tel van die kollekte – 'n taak wat nie net tyd en geduld verg nie, maar ook 'n opregte bereidwilligheid om te dien.

Dankie dat julle sonder verwagting inspring, en dat julle deur julle diensbaarheid 'n verskil maak wat groter is as wat julle dalk self besef. Ons waardeer julle hulp, julle goedhartigheid en julle toegewyde betrokkenheid opreg.


Save the Date
13 - 15 Februarie '26
Gr 8-12
KAMP
Lifeline Jeug

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

Terug Skool Toe | Splish Splash | Kersfees in November | Winterwarm in Julie | Operasie 6060

## 1: <u>Terug-Skool-Toe:</u> skenk van skryfbehoeftes aan skoliere in Januarie '26



**Wat word benodig?**

- Blou pen
- Potlood - H (nie HB nie asb.)
- Uitveër
- Skerpmaker\Kleurpenne
- Inkleurpotlode of -kryte
- Sker
- Pritt of soortgelyke gomstiffie
- "Flipfile" - met 10 of 20 sakies

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

Los asb jou bydrae in die boks(gemerk → Barmhartigheidsbediening) in die Kerk se Voorportaal of by die Kerkkantoor - <u>voor of op 30 Desember '25</u>

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

***Wil jy iets doen? | Wil jy 'n Verskil maak in iemand se lewe?***
***Hier is 'n lys van projekte waaraan jy solank op jou eie tyd by die huis kan begin werk***

## Terug Skool Toe

**Skenking van skryfbehoeftes vir skoolkinders wat Januarie 2026 skool begin.**
**Ontvangs teen Desember 2025**

## Splish Splash

**Skenking van Seep, Roll-On, Shampoo, Tandepasta en Tandeborsels.**
**Skenkings dwarsdeur die jaar welkom**

## Winterwarm in Julie

**Skenking van mussies, serpe en komberse vir bejaardes.**
**Ontvang teen Junie 2026**

## Kersfees in November en Operasie 6060

**Skenking van nie-bederfbare produkte vir kospakkies vir gesinne deur die feesseisoen.**

**Hierdie projek is deurlopend deur die jaar en talle gesinne & enkellopendes word ondersteun uit die Koskas - deel van die Operasie 60/60 projek waar skenings dwarsdeur die jaar gemaak kan word.**

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

## *Verhuis julle na 'n ander dorp?*

*Ons wil graag as Gemeente kan totsiens sê aan julle.*
*Skakel die Kerkkantoor en*
*laat ons asb. weet.*



# SnuffelMARK



### As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark.

Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.


Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer



# BLOKKIESRAAISEL

## Mense en Plekke
## in die Kersverhaal

Toets jou Bybelkennis met hierdie blokkiesraaisel. Dié blokkiesraaisel het die name van mense en plekke wat in die Bybel genoem word met Jesus se geboorte.
**LeesLukas 2:1-15 enMatteus2:1-12 en voltooi dan die blokkiesraaisel.**





**AF**

**1** Die koning wat in beheer was toe Jesus gebore is
**3** Die engele het in die veld aan hulle verskyn
**5** Hulle sing "Eer aan God in die hoogste hemel ..."
**6** Die stad waar Jesus gebore is
**8** Die stad waarvan Josef af kom
**10** Maria se man

**DWARS**

**2** Die ma van Jesus Christus
**4** Die keiser wat beveel het dat 'n volkstelling gehou moet word
**7** Hulle het vir Jesus goud, wierook en mirre gebring
**9** 'n Ander naam vir Jesus wat "God met ons" beteken
**11** Die rigting waar die sterrekykers vandaan gekom het

*OPGESTEL UIT DIE 1983-VERTALING

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**

Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**

Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier

derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**

Maandag: 09:00 - 14:00

Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00

Vrydag: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**

Maandag: 09:00 -12:30

Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za

Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

SHOP LOCAL

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

**MSA**
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

**CAM LIVE VISION**
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
www.camlivevision.co.za
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Secure SE**
FIRM. FIXED. SAFE
SECURE SE
www.securese.co.za
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**VOLANTRA ORBITAL**
The power to protect
www.volantraorbital.co.za
VOLANTRA ORBITAL
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Flaméros®**
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

**FTH ACCOUNTANTS**
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
YOUR WEALTH
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

**Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?**
Sanlam
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan hiermee help:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is gelisensieerde lewensversekeraar, gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).

**HBP**
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

**BeMyDollie**
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 526 5342 @bmdollies